Chemists PLUS apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXV NOMMER 1 29 JANUARIE 1980

TOPS
Uitsig Deurloop
Tel. 21112
VIR: Rekenaars
Witjasse
Dissekteerstelle
Skoonheidsmiddels
Geskenke

# Rektor groet eerstejaars

**Jy het ongetwyfeld al heelwat dom dinge in jou lewe aangevang. Maar wees getroos: Jou besluit om Puk toe te kom, was beslis nie een van hulle nie.**

Ons deure staan vir jou oop . . . en ons harte. Van ons kant af gaan ons niks terughou nie, ons gaan voluit gee. Moet dus nie skaam wees nie, drink die Puklewe met diep teue in. Benut elke geleentheid ten volle, veral akademies, maar ook voluit in die studentelewe. Wees van die begin af 'n Puk met hart en siel in murg en been.

Pukstudent-wees is 'n uitmuntende leerskool om met durf die toekoms tegemoet te ka tree. Die dekade 80 gaan hoë eise aan ons stel. Maar ons is nie by voorbaat mismoedig en lam in die knieë nie. Inteendeel — ons hou van uitdagings. Boer se kind kyk immers nie net hoe die geskiedenis gebeur nie, maar help om geskiedenis te maak. Daarom is ons by uitstek voorposdenkers, mense wat weet hoe om die stroomversnelling van ons tyd in die regte kanale te lei.



Prof. Tjaart van der Walt, rektor van die PU vir CHO.

Dit gaan soms vir jou voel of jou medestudente met jou geen simpatie het nie. Dat hulle jou gaan brei, slyp, skaaf en rasper hoef jy nie te betwyfel nie. Maar hulle doen dit om van jou 'n Puk uit een stuk te maak en hulle gaan jou nie 'n sent vir hulle kostelike dienste vra nie. Maak dit daarom self vir jou die moeite werd.

'n Geseënde en vreugdevolle 1980. Ons is bly jy is hier.

# DIE STAATSWETENSKAPPE AAN DIE PU VIR CHO BETREE IN 1980 'N NUWE BEDELING

**Indringende samesprekings tussen dosente van die verskillende staatswetenskaplike studierigtings aan die PU vir CHO gedurende 1979, sal volgens besluit vanjaar lei tot die instelling van 'n vakgroepkomitee (sub-fakulteit) vir die leerganggroep staatswetenskappe. Volgens 'n woordvoerder van hierdie komitee hou hierdie nuwe ontwikkeling uiteenlopende kort- en langtermyn veranderings en aanpassings vir dié studierigting in. Uit die oogpunt van die student gesien, verteenwoordig dit nie alleen groter studie- en vakkombinasie moontlikhede nie, maar dit sal ook meebring dat, met die voorgenome instelling van semesterkursusse, beide die spesialisasie en die byvak-moontlikhede vollediger by studente se akademiese en beroepsbehoeftes (veral staatsdiens beurshouers) sal aanpas.**

By die bestaande vakke, te wete Staatsleer, Internasionale Politiek en Ontwikkelingsadministrasie, word vanaf 1981 ook weer voorsiening gemaak vir Publieke Administrasie. Hierdie toevoeging, tesame met die aanpassings wat met semesterisering aan die onderskeie leerplanne gemaak gaan word, verbreed die geleentheid tot spesialisasie terwyl die behoefte aan groter beroepsgerigtheid van die opleiding ook verreken sal word. In beginsel is ook reeds besluit om leerplanne vir die onderskeie vakke in die leerganggroep so op te stel dat voorsiening gemaak word vir 'n gemeenskaplike komponent naas die vier onderskeie spesialiteitskomponente. Sodoende sal moontlike oorvleueling en of duplisering van leerstof, veral vir hoofvakstudente, heeltemal uitgeskakel word.

Hierdie nuwe ontwikkeling kan in die eerste plek gesien word as 'n aanpassing by tydsomstandighede en behoeftes op staatkundige gebied. Die mees uitstaande karaktertrek van die staat en die politiek van ons tyd is immers dat dit onderhewig is aan snelle en voortdurende verandering en ontwikkeling. Enige vakwetenskaplike en daarom ook studierigting wat sy sout werd is moet uiteraard met veranderde omstandighede en behoeftes tred hou, trouens "op die voorpunt van die tye" wees. Die student kan en moet akademies en professioneel ten beste toegerus word om hetsy as landsburger, diplomaat, administrateur, politikus, joernalis, inligtingsbeampte, stadsklerk, navorser, Afrikakenner, ontwikkelingsamptenaar, gemeenskapsleier, ens. ens. sy plek vol te staan.

Ontwikkeling op plaaslike bestuursvlak, in ons Provinsiale Administrasies, Landsregering, Gemeenskapsrade, Tuislande, buitelandse dienste en aan ons universiteite bied vandag 'n wye veld van moontlikhede vir mense met goeie akademiese opleiding. In 'n bedeling waar Suid- en Suider Afrika, te midde van 'n gevaarlike wêreld, stewig aan baie fronte sy staatkundige ontwikkeling moet uitbou, wil dié studierigting aan die PU vir CHO toekomsgerigte, fundamenele en dinamiese akademiese en professionele opleiding aanbied. Opleiding wat sal beantwoord aan die mannekrag en akademiese eise op sekerlik dié deurslaggewendste terrein van ons samelewing se voortbestaan as Suid-Afrikaanse staatkundige gemeenskap.

Meer inligting oor kursus- en beursmoontlikhede kan van proff. J.J. Henning (Ontwikkelingsadministrasie), J.J. van Tonder (Staatsleer en Publieke Administrasie) en C.P. van der Walt (Internasionale Politiek), verkry word.

## PU bied ASB-kongres aan

**Die ASB-kongres vind vanjaar vanaf 13 - 19 Julie plaas. Dit word op die PU en POK-kampusse aangebied.**

Die tema van die kongres is: Jeugkrag '80. Bespreking sal gevoer word oor die roeping van die Afrikanerjeug op die volgende terreine: Onderwys, Politiek, Kultuur, Godsdiens en Ekonomie.

Min. P.W. Botha is gevra om as openingspreker op te tree. Die opening sal op 14 Julie om 19h00 in die Ouditorium van die Studentesentrum plaasvind. Die kongres duur tot 18 Julie met die afsluitingsdinee op 17 Julie.

## SR-voorsitter verwelkom



Mnr. Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter van die PU vir CHO.

**Die Pukkampus** en sy mense lyk nou nog baie vreemd vir julle, nuwe Pukke. Dis júlle tuiste vir die eersvolgende paar jaar. Die PU het nog altyd vir 'n paar dinge bekend gestaan en sy aangename studentelewe en lekker studentegees is een van daardie dinge. Hierdie en nog baie meer wag vir die eerstejaarstudent wat bereid is om homself in hierdie studentelewe te gee. Een van die heel aangenaamste tye van 'n mens se lewe staan julle voor die deur. Karnaval en intervarsity is maar twee van die hoogtepunte wat in die volgende drie maande voorlê. Jy kan geen beter verwelkoming hê nie as om jouself voluit in hierdie opwindende studentelewe te werp.

Namens die Studenteraad, wat al 'n paar jaar hierdie heerlike ondervinding deurgemaak het: Baie welkom! Mag jy net soveel vreugde aan die PU ervaar as wat ons tot dusver gehad het — en dis regitig baie!

## Karnavalkollektelyste

**Karnavalkollektelyste** moet op Dinsdag 29 Januarie tussen 08h00 en 11h30, en tussen 14h15 en 16h00 ingehandig word. Die inhandiging vind plaas voor die kafeteria in die studentesentrum. Handig asseblief die lyste so gou moontlik in.

## Studente dien gemeenskap

**Studentegemeenskapsdiens bied aan elke student die geleentheid om betrokke te raak by mense wat hulp nodig het. Die SGD bied die student dikwels die eerste geleentheid om as volwassene sy verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap waarin hy lewe te aanvaar, en daadwerklik iets daaraan te doen.**

Die kuierprojek is een van baie maniere waarop studente diens kan lewer. Elke student kry 'n bejaarde by wie hy of sy gaan kuier. Hierdie student voorsien dan in dié bejaarde se spesifieke behoeftes. Besoeke aan teaters en ander uitstappies sal gereël word.

## Jasse teen spesiale prys

**Wit jasse** vir praktiese klasse word elke weeksdag tussen 13h00 en 14h00 by die kafeteria te koop aangebied. Alle groottes word teen R7,00 verkoop.

## Karnaval ook vir eerstejaars

**Hierdie jaar word die studentesentrum van vyf miljoen rand tydens karnaval in gebruik geneem.**

- **Karnavalhemp**

Vanjaar lyk die hempie soos 'n tennishemp, met die wapen van die Studentesentrum daarop.

In 1980 is Pukserpe- en mussies vir die eerste keer te koop. Die serpe en mussies en T-hemde is by die inligtingsdiens van die studentesentrum te koop.

- **Atletiekbyeenkoms**

Op 27 Februarie word 'n atletiekbyeenkoms waaraan topatlete van die hele land deelneem, gehou.

Om die kaartjieverkope te verbeter is besluit om 'n kompetisie in die vorm van 'n blokkiesraaisel op die kaartjies te druk.

Elke eerstejaar sal twintig kaartjies kry om te verkoop. Die koshuis wie se eerstejaars die meeste kaartjies verkoop, kry seshonderd punte vir karnaval.

Student-plan
Sien u naaste tak of agentskap op die kampus vir verdere inligting.
Standard Bank
Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk
(Geregistreerde Handelsbank)
SBSA/23/168

die WAPAD

**Aan die begin van soveel nuwe dinge mag die eerstejaars van 1980 nie huiwer om dié nuwe fase in hulle lewens geesdriftig storm te loop nie.**

**Hulle staan in die skrikkeljaar van 'n nuwe dekade met die verdere voorreg om die Studentesentrum van meet af aan te benut. Daarom is dit die plig, maar ook die voorreg van elke student om die maksimum gebruik van hierdie moontlikhede tot hulle beskikking te maak.**

**Ook oriëntering moet positief en tot eie voordeel benut word. Inskakeling by akademiese verpligtinge moet as prerogatief gestel word, terwyl sosiale aanpassing van sekondêre, en aanvullende belang moet wees.**

**Mag hierdie nuwe dekade in alle opsigte voorspoedig verloop!**




# KORPS HET IETS VIR ELKEEN

**Korps Veritas Vincet is een van die oudste rade aan die PU. Korps se taak is om studente oor 'n wye spektrum prinsipiëel aan die dink te sit. Daarom bly Korps aan die voorpunt van nuwe verwikkelinge in die wêreld om ons. In hierdie termyn staan Korps onder voorsitterskap van Reinder Kingma.**

Korps is ook een van die nuutste rade wat bestaan. Aan die einde van die termyn (Augustus 1979) het Korps homself onder 'n vergrootglas geplaas en van alle onnodige lompheid ontslae geraak.

Die volgende onderliggame het sitting in die Korpskoukus. Om aan te sluit kan die voorsitter geskakel word of die kantoor besoek word (op die eerste verdieping van die SR-gedeelte in die Studentesentrum).

**AKTUEËL**

Daar word jaarliks sewe kampe deur Aktueel aangebied. Een daarvan is op die oomblik aan die gang — die Korpskoukus hou 'n opleidingskamp vir sy besture om hulle voor te berei vir hul werksaamhede in hierdie termyn.

Aktueel bied ook drie Eerstejaarskampe aan. Die eerste kamp is 21 - 23 Maart. Hou die plakkate dop en maak seker dat jy 'n kampganger is. Dis 'n geleentheid waarna elke eerstejaar gryp — gaan skiet vroeg!

**HULPPROJEK**
**(Voorsitter: Willem Fourie)**

Hou jy daarvan om hulp te verleen met die hand? Hulpprojek loods gedurende die Julie- en Desembervakansies 'n hulpverskaffingskamp in die vorm van kerkof skoolbou, verf, naaldwerkopleiding en opvoedkundige dienste aan inwoners van Vendaland, Bophuthatswana en ander tuislande. Die kampe duur ongeveer tien dae. Ook naweekprojekte word beplan. Hou plakkate dop.

**FORUM**
**(Voorsitter: Ben de Klerk, Tel. 3375/6)**

Forum bespreek aktuele onderwerpe vanuit 'n Christelik-nasionale oogpunt. Daar word geslote vergaderings gehou vir alle Korpslede en oop vergaderings vir alle Pukke. Die eerste vergadering is op 20 Maart.

**IDEOLOGIKA**
**(Voorsitter; Henk Stoker, Tel. 5673)**

Ideologika voorsien in die behoefte wat daar by radikaal-Christelike studente bestaan om in intieme kring oor allerhande idees en ideologieë te gesels. Op die oomblik is daar drie groepe: Die ontstaan en rigting van Christelike Wysbegeerte; Swart Teologie; en Christelike vermaak op 'n Christenkampus.

Ons sal graag nog groepe wil bykry en indien jy in enige van die onderwerpe of in enige ander sosiaal-ideologiese onderwerpe belangstel (soos wat sensuur is, aborsie, genadedood, evolusionisme, huwelik, bygelowe, die mag van die pers, ensovoorts) gooi jou naam en adres by die inligtingskantoor in bussie 75.

**LIBER FACTUS**
**(Voorsitter: Johan Taute, Tel. 4985)**

Die vereniging se doel is die vrymaking van alle verslawing in al sy fasette (dwelms, drank, ensovoorts). Dit beteken nie almal wat daaraan behoort, is verslaafdes nie! Liber Factus verskaf hulp aan verslaafdes, besoek klinieke en nooi sprekers. As jy wil weet hoe om reg op te tree tenoor verslaafdes, sluit gerus aan.

**FOKUSGROEPE**
**(Voorsitter aan anderkant van spoor: Jannie van der Schyff, tel. 8808.**
**Voorsitter aan duskant van spoor: Jan van der Walt, tel. 23652)**

Daar is altesaam nege fokusgroepe — een manskoshuis en een dameskoshuis vorm saam een groep. Ook jou koshuis is deel hiervan (al woon jy in die dorp). Die groep se hoofdoel is om mekaar beter te leer ken deur saam 'n saak prinsipiëel te ondersoek. In Februarie vind die bekendstellingsaksies plaas — hou plakkate in jou koshuis dop.

**PUBLIKASIES**

Die blad Kruim wat elke eerstejaar ontvang, word deur Korps uitgegee. Kruim is die algemene nuusblad van Korps en almal is welkom om in te teken. Ander publikasies van Korps is: Vyfminute, Studiestuk en boeke.

## *Uit die Woord*

# SAGMOEDIGE WYSHEID

Lees: Jakobus 3:13-17.

Vers 13: "Wie is wys en verstandig onder julle? Laat hom uit sy goeie lewenswandel sy werke in sagmoedige wysheid toon."

Die christene aan wie Jakobus skrywe, kon so gou, so selfvoldaan en hoogmoedig praat en so min doen. Hulle het so graag ander geleer, maar self het hulle nie juis enige voorbeeld gestel nie.

Maar dan sê Jakobus in vers 13: die toets van ware wysheid lê bo alles in jou optrede, in jou werke.

Luister maar net wat sê die Bybel.

"Ware wysheid is die vrees van die Here en om van die kwaad af te wyk is verstand." (Job 28:28)

"Die vrees van die Here is om te haat wat sleg is . . ." (Spreuke 8:13).

En onthou . . . Bybelse wysheid is altyd sagmoedige wysheid en sagmoedige wysheid is nie praterig en selfsugtig nie. Nee, dit wil gee en doen. Dit is vredeliewend, vriendelik, vol barmhartigheid, onpartydig en vol goeie vrugte, sê Jakobus in vers 17.

Sagmoedige wysheid is die wysheid van Christus, die Groot Leermeester wat gesê het: "Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart." Die Fariseërs en die Skrifgeleerdes het gepreek en nie gedoen nie, maar Christus het gepreek en ook gedoen. By Hom was dit leer en lewe en dit is sagmoedige wysheid.

Jy is nou op universiteit. Jy wil graag hard studeer. Jy wil jou kennis laat toeneem.

Jy wil eendag vol wysheid hier weggaan.

Dit alles is pragtige ideale en uitdagings. Mag jy die genade ontvang om dit te verwesenlik. Maar mag al jou studies jou ook bring tot sagmoedige wysheid:

- deurdat jy nie net met wysheid sal praat nie, maar ook met wysheid sal optree;
- deurdat dit ook vir jou sal gaan om jou goeie lewenswandel;
- deurdat dit ook vir jou sal gaan om jou voorbeeld.

Dan is jy waarlik student. Dan is jy waarlik wyse student.

Dan is jy waarlik Puk-student.




# SRVP verteenwoordig regstudente

**Dié vereniging poog om nouer kontak tussen regstudente en die regspraktyk te bewerkstellig. Dit word gedoen deur middel van akademiese aktiwiteite soos skynhowe en besoeke aan die Hooggeregshof van Suid-Afrika.**

Die SRVP skakel met regstudente en verenigings van ander universiteite, en bring die doserende personeel van die regsfakulteit en regstudente in nouer kontak.

Sosiale aktiwiteite soos sportdae en braaivleis word ook vir die regstudente gereël.

Diè vereniging is dus die enigste wat die belange van die regstudente as sodanig behartig.

Cognitio is die lyfblad van die SRVP en is vol brokkies nuus oor wat in die Regsfakulteit aangaan.

Die regskliniek is 'n onderafdeling van die SGD, en tree na buite op om regsadvies te verleen aan minder gegoede mense. Hulle kon nog nie in die verlede honderd persent funksioneer nie, maar hoop dat dinge met die aanvang van die nuwe jaar goed sal regkom.

# Die Koshuisraad

**Die** koshuisraad sorg dat

— interkoshuisaksies glad verloop,

— inwonings- en dissiplinêre probleme van die koshuisinwoners reg aangepak word en

— dien as amptelike skakel tussen koshuise, die koshuisbeheerkomitee, koshuisadministrasie, die Tegniese Departement en die SSR.

Die koshuisraad bestaan uit die primariae en primarii van die onderskeie koshuise.

Die koshuisraad sorg dat die kampusreëlings betyds deurgegee word aan die verskillende koshuise. Die koshuisbeheerraad gee reëlings in verband met koshuislewe aan die koshuisraad deur, wat dan aan die studente meegedeel moet word. Die koshuisraad kan beskou word as 'n raad wat hom besig hou met reëlings ten opsigte van kampuslewe en raak elke koshuisganger.

Die koshuisraad word verteenwoordig op die SSR deur twee SSR-lede wat gekies is uit die vorige jaar se koshuisraad.

# Retories leer praat

**Die Retoriese Vereniging wil die kuns van debattering en redevoering op die kampus bevorder. Daarom word verskeie debatte en redenaarskompetisies beplan.**

Op 28 Februarie word 'n "sjerrie-debat" beoog waarby almal welkom is. Die drie beste sprekers op die kampus sal tydens die Julievakansie aan die Intervarsity Debating Congress te Rhodes deelneem. Ons beoog ook 'n kursus in openbare redevoering later in die jaar.

Hou dus ons plakkate dop en kom leer om jou saak te stel!

# ASTER betrek elke aster

**ASTER** is 'n vereniging wat die belange van Pukdames behartig. Gedurende 1980 bied ASTER verskillende kursusse in pottebakkery, onthaalkuns en sjarme aan.




# AISEC — Ekonomica werk internasionaal

**AIESEC is 'n onafhanklike, nie-politiese, nie-winsmakende internasionale vereniging van handel- en ekonomiestudente. Daar is 55 lidlande op ses vastelande. Suid-Afrika het in 1958 lid geword en het in 1967 die honderdste uitruilstudent ontvang. Die PU vir CHO is een van die dertien universiteite in S.A. wat lede van AIESEC is.**

AIESEC-Potchefstroom het op die oomblik elf komiteelede met verskillende portefeuljes. Die huidige voorsitter is Kobus van Wyk.

**DOELWITTE**

- Bevordering van internasionale samewerking en die opleiding van beter sakeleiers vir die toekoms deur 'n wêreldwye uitruilprogram vir handelstudente tussen lidlande.
- Om as tussenganger op te tree tussen handel- en ekonomiestudente en die Handel en Nywerheid in Suid-Afrika.
- Om die handel- en ekonomiestudente van Suid-Afrika nasionaal sowel as internasionaal te verteenwoordig.
- Om die status en standaard van handel- en ekonomiese kwalifikasies te verhoog in Suid-Afrika.



*Die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme gee maandeliks gratis studiestukke uit. Dié stukke behandel aktuele sake wat elke Christenwetenskaplike raak. Vier van die IBC-Dagbestuurslede voor die IBC-Sentrum te Joostestraat 21. Vlnr Proff N T van der Merwe, B J van der Walt (Direkteur), M Elaine Botha en J C Coetzee. Die Rektor, prof T van der Walt, is voorsitter van die IBC-Dagbestuur en Raad.*

# NUWE VERENIGING HET VOL PROGRAM

**Die Klassieke Kitaarvereniging is een van die jongste verenigings op die PU, en die bestuur is reeds hard aan die werk om 'n baie interessante program vir 1980 op te stel. Daar is reeds 'n seminaar vir die naweek van 29 Februarie 1980 by Wits gereël.**

Alle lede sal ook outomaties affilieer by die Klassieke Kitaarvereniging van Suid-Afrika. Daaruit spruit voordele soos afslag op musiekinstrumente en bladmusiek.

Daar word ook opvoerings by die konservatorium aangebied. Studente sal periodieke besoeke aan Johannesburg bring waar opvoerings bygewoon sal word. Daar word ook kitaarlesse deur van die bestuurslede aangebied.

# Verpleegkunde brei uit

**Die Departement Verpleegkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is vanjaar twaalf jaar oud, en het vanjaar byna sewentig studente in opleiding.**

Van die studente wat reeds hulle basiese opleiding aan die PU vir CHO voltooi het, het agt al 'n Magistergraad behaal en drie studente is met hulle doktorale studies besig. Hulle is mej. Marie Poggenpoel en mej. M.E.S. Swanepoel wat aan die PU vir CHO studeer en mej. Marinda Coetsee aan 'n universiteit in die Verenigde State.

In 1966 toe die Departement gestig is, was die studentetal twaalf, die leerkragte een en die aantal opleidingsposte wat deur die Provinsiale Administrasie beskikbaar gestel is, twintig.

Die poste vir opleiding het toegeneem tot vyftig en later tot 75, die aantal studente wat die Universiteit nou nog elke jaar in opleiding mag hê.

Die vroeëre BA (Verpleegkunde)-graad met 'n daaropvolgende Diploma in Verloskunde Verpleegkunde is verander na die huidige BArt et Scien (Verpleegkunde)-graad. Dit is 'n kursus wat 4½-jaar duur en studente wat dié graad voltooi, ontvang hulle graad asook twee registrasies by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging, as Algemene- en Verloskundige verpleegster.

Hierna volg 'n opsionele kursus in Psigiatriese Verpleegkunde wat ses maande duur. Dit verdien vir die student 'n verdere Universiteitsertifikaat en nog 'n registrasie by die Raad op Verpleging.

Die kursus het só uitgebrei dat dit nou uit vyf hoof studierigtings bestaan: Algemene Verpleegkunde, waaronder nog rigtings soos administrasie, intensiewe sorg en ander ingesluit is; Verloskundige-, Opvoedkundige-, Gemeenskapgesondheidsorg- en Psigiatriese Verpleegkunde.

Meesters- en doktorsgrade asook 'n diploma in Verpleegonderwys (Gegradueerd) word ook aangebied en moontlik ook 'n Diploma in Verpleegonderwys vir opgeleide studente wat die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging se Diplomakursus voltooi het.

Die studente sê hulle is baie gelukkig met die teoretiese opleiding wat hulle aan die PU vir CHO ontvang. Hulle praat ook met lof van die praktiese opleiding wat hulle opdoen by die verskeie hospitale.

Verpleegkunde studente aan die PU vir CHO ontvang praktiese opleiding aan die Potchefstroomse en Klerksdorpse Provinsiale Hospitale, die Witrand Hospitaal, Sterkfontein Hospitaal en die Tara: H. Moros-sentrum.

# Filosofievereniging publiseer

**Die werksaamhede van die Filosofievereniging bestaan uit algemene vergaderings en die uitgee van hulle blaadjie, Logos.**

Die algemene vergaderings sluit debatte oor onderwerpe wat vir elke Christenstudent van belang is. Uitstappies na ander universiteite, en braaivleise word ook gereeld gehou.

Lede van dié vereniging ontvang maandeliks 'n kopie van Logos. Daarin skryf studente, dosente, en ander mense soos dr. P.J. Meyer; prof. P.G. du Plessis en prof. H.G. Stoker verskillende artikels.

Die Filosofievereniging is nie geslote vir studente wat nie Filosofie as vak bestudeer nie.

## Staatmakers

**Die Jukskei Staatmakers bied die geleentheid op die PU aan almal wat Voortrekkers wil wees.**

Die Staatmakers funksioneer in belangstellingsgroepe. Die huidige groepe is die Radiogroep, die Oorlewingsgroep en Opleidingsgroep. As daar genoeg belangstelling is in die ander rigtings, kan nog groepe gestig word.

Daar is jaarliks staptoere, kampe en besprekingsgroepe oor godsdiens-, kultuur- en natuursake. Hierdie jaar is daar ook 'n Staatmakerkonferensie.

## PASV verenig Aptekerstudente

**Die PU is die enigste Afrikaanse universiteit in Suid-Afrika wat die graad B.Pharm. aanbied.**

Die doel van die Potchefstroomse Aptekerstudentevereniging is sedert 1950 om dié studente binne hulle beoogde professie te verenig.

PASV dek tans 'n wyer terrein met 'n apteek in Ikageng waar hulle lede diens doen; 'n jaarlikse kongres waarby alle aptekerstudente in Suid-Afrika betrek word; toere; interklasdae; en 'n uitruilskema vir oorsese vakansiewerk. Rolprentfilms oor aktuele onderwerpe word gereeld vertoon.


WENMOTOR*




Nuwe Volkswagen Golf

Die grootste idee in die wêreld van klein motors.

Kom sien self waarom die Golf dié motor van die jaar genoem word.
Golf LS 2- en 4-deur, GLS 4-deur handrat en outomaties, GTS 4-deur, Diesel 4-deur.

Harold's Volkswagen

Kerkstraat 220, Potchefstroom. Tel. 4261


*Omega (alfa en . . .)*

*'n stasie*
*onthou jy?*
*'n lughawe*
*tasse*

*tot dan . . .*
*en 'n dowwe kol*
*seer . . .*
*eensaam . . .*
*tot eendag*

Jan Sleep

## CHEMIEVERENIGING

**Die Chemievereniging bied akademiese en sosiale aktiwiteite aan. Fabrieke en industrieë word besoek, kontak word gemaak met studente van ander universiteite en 'n blaadjie gaan uitgegee word.**

Hulle is behulpsaam met die soek van vakansiewerk en hou brosjures van werksmoontlikhede in voorraad. Daar is 'n kantoortjie waar lede tussen klasse kan ontspan. Hou die plakkate dop vir die eerste vergadering.

## FSV bekyk die praktyk

**Die hoofdoel van die FSV is om na die toepassing van Fisika in die praktyk te kyk. Uitstappies word onderneem na plekke soos die Raad op Atoomkrag; WNNR; SASOL; en steenkool- en goudmyne.**

Tydens ledevergaderings word skyfies vertoon en praatjies oor wetenskaplike onderwerpe gehou. Sosiale aksies soos ysskaats, 'n vleisbraai saam met die dosente en ook 'n interaksie met die Fisika-studente van WITS word gereël.

'n FSV-publikasie, PRISMA, verskyn ook elke kwartaal.

Fisika is dus nie net die vakgebied vir die toekoms nie, maar dit is dié vak wat die wetenskaplike uitdagings van vandag die hoof bied. Deur FSV word geleenthede geskep om dié vakgebied aan studente bekend te stel.

# MONTIUM

**MONTIUM die PU se bergklimklub is bedoel vir mense wat nog van buitelug hou. Bergklim is dié ontspanningsvorm vir diegene wat hou van 'n bietjie aksie, maar nie glo aan ooreising nie. Daarom het Montium sy klub in twee afdelings verdeel naamlik, die bergstap- en rotsklimafdeling. Die bergstapafdeling is net wat die woord wil sê: stap in die berge! Die afdeling onderneem toere na onder andere die Drakensberge, Wolkeberge, Kransberge en Sederberge. Staptoere na die Wildekus en Visriviervallei word ook gereël.**

Die rotsklimafdeling is vir die manne (en meisies!) wat bedeeld is met goeie senuwees en spiere. Rotsklimmers onderneem ook toere na onder andere die Magaliesberge en Drakensberge. Daar word egter meer gereeld by "mongatium"-rots geklim. Dit is 'n ou natuurlike sinkgat (nou heeltemal veilig) met 'n paar redelike kransies om te klim. Dié "gat" is ongeveer 40 km uit op die Blyvooruitzigpad. Mense wat belangstel om rots te klim, kan elke Donderdagmiddag tussen 13h00 en 14h00 by die SSR-kantoor bymekaarkom vir inligting oor moontlike uitstappies na "Mongatium". In Maart het ons gewoonlik ons jaarlikse uitstalling en kort daarna 'n openingsnaweek vir alle belangstellendes. Rotsklimopeningsnaweek is van 14 - 16 Maart en die vir stap 21 - 23 Maart.

- Indien jy in Montium belangstel —
- hou die plakkate dop
- bring die toervergaderings by en
- kom skiet vir die toere!

Al wat jy nodig het is 'n paar stapskoene, 'n rugsak (wat jy by die klub kan leen as jy ledegeld betaal het), wolsokkies, 'n staphemp en -broek, 'n slaapsak en 'n wil om anderkant uit te kom. Jy hoef nie atleetfiks te wees nie, net so 'n bietjie sodat jy darem die omgewing ook kan geniet terwyl jy stap — en siedaar, jy's reg vir Montium. Ons beloof nie die maan en die sterre aan jou nie (al sien jy hulle snags pragtig) maar wel 'n fees van 'n tyd, sonder akademiese bekommernisse of ander laste!


Die volgende toere word aangebied:

Openingsnaweke
Drakensberge: 3 - 10 April en 14 - 18 Mei
Soutpansberg: 26 Junie - 2 Julie
Mount-aux-Sources: 28 Augustus 1 1 September
Wolkeberge: 9 - 12 Oktober
Hottentothollands- of Outeniekwaberge: 28 November - 7 Desember.

Vir verdere inligting, skakel Hans Kempff by 6386; Rudan van Eck by 4834; of gooi 'n nota in Bussie 56 by die SSR-kantoor.



*'n Tipiese rivierdeurtog . . .*



*'n Rotsklimmer besig om te absail teen die kranse.*

# Valskermklub mik hoog

**Valskermspring is 'n volwaardige sportsoort op die PU. As die rootste Universiteitsklub in die land, beskik ons oor die nodige asiliteite.**

Om te kan eelneem het jy 'n mediese sertifikaat, 'n oorpak met lang moue, stewels wat die enkels steun, 'n valhelm en die toestemming van jou ouers, nodig.

Opleiding duur ongeveer agt weke en dit behels die volgende: hoe om 'n vliegtuig te verlaat; stabiliteit in die lug; valskermbeheer; landings; nooddrille; en hoe om 'n valskerm te pak.



*'n Lid van die PU-valskermklub op pad grond toe.*

# AIKIDO

**Die Aikidoklub is nog 'n jong klub, maar het in sy jaar van bestaan reeds groot byval onder studente gevind. Veral beginners geniet die sportsoort baie, aangesien dit liggaamlike fiksheid en vinnige reflekse bevorder, maar ook omdat dit praktiese waarde vir elke deelnemer inhou.**

In die kursus word daar met die basiese judo- en karate tegnieke kennis gemaak. Vir die gevorderde gordels leer ons ook mesaanvalle en verdediging.

Die Aikidoklub beplan om in 1980 aan die Aikidokampioenskappe deel te neem, asook om 'n paar graderings vir sy lede aan te bied, sodat daar vinnig in die vegkuns gevorder kan word. Verder word daar in die Aprilvakansie 'n groot afrigtingskamp beplan wat beloof om 'n groot geleentheid te wees aangesien die hoofinstrukteur van Aikido in Suid-Afrika dit sal bywoon.

Belangstellendes kan Maandag- en Woensdagmiddae van 16h15 tot 17h45 die oefeninge in die saal onder die ouditorium bywoon. Navrae kan in bussie 1137 geplaas word.



# SPORTBURO STEL BEKEND

**Twee nuwe Sportbeamptes is met ingang 1 Januarie 1980 aan die Sportburo aangestel.**

Mnr George Moorcroft, 'n oud-onderwyser en oud-Puk het sy HNOD aan die PU vir CHO verwerf. Hy het aan die Hoër Volkskool Potchefstroom gematrikuleer, is 25 jaar oud, getroud en het een kindjie. George, soos ons hom ken, is 'n puik rugbyspeler wat onder andere die PUK, Wes-Transvaal, SWA en die SA-Platteland as skrumskakel verteenwoordig het. Sy veelsydigheid as sportman word verder onderstreep deurdat hy krieket vir die SA-Distrikte en hokkie vir Wes-Transvaal gespeel het. Verder is George 'n gekwalifiseerde atletiekbeampte, gimnastiekbeoordelaar, lewensredder en noodhulpbeampte.

Mnr Pieter Louw, 29 jaar oud, getroud (een kindjie) het sy BA-Graad in Liggaamlike Opvoeding verwerf en is tans besig met sy Honneursgraad. Mnr Louw het aan Paarl Boys' High gematrikuleer en was aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde. As gekwalifiseerde gimnastiekafrigter en -beampte het hy gedurende 1973 waardevolle ondervinding in Duitsland opgedoen. Hy was WP en assistent nasionale afrigter in gimnastiek gedurende die jare 1977 tot 1979, asook 'n nasionale beoordelaar. As rugbyspeler het hy vir die Vrystaat (1970) en vir klubspanne in Nieu-Zeeland en Australië gespeel. Om alles te kroon het mnr Louw die Vrystaat ook as 'n landloopatleet verteenwoordig.

Mnr Moorcroft is voorlopig aangestel as die organiseerder van alle damesport en mnr Louw as die organiseerder van alle Binnenshuise sport aan die PUK.


# Gimnastiek gaan vooruit

**Gimnastiek is 'n baie bekende sportsoort en het dus geen bekendstelling nodig nie.**

Vorige jare het die geriewe ontbreek, maar met die bou van die studentesentrum is daar begroot vir nuwe en moderne apparaat wat van vanjaar af in gebruik geneem word.

Afrigting sal vanjaar geskied onder mnr. Piet Louw, 'n voormalige springbokafrigter. Vir 1980 word daar vier kampioenskappe beoog, die Wes-Transvaalse kampioenskappe, S.A.U., S.A. kampioenskappe en die Intervarsity teen UOVS.

Buiten die oefen word daar ook baie tyd spandeer aan sosiale aktiwiteite en die klub beoog om tydens die SAU-kampioenskappe, in Durban, 'n week daar te gaan kampeer.



*'n Gimnas van die PU wys sy slag.*

# Netbalklub het meeste spanne

**Die PU Netbalklub is die damesklub wat spog met die grootste aantal mededingende spanne op die PU. Daar is nie minder nie as 20 koshuisspanne wat onderling kompeteer. Daar is ook 'n PU 1A en PU 1B span wat albei in die Wes-Transvaalse A-liga meeding. Vanjaar gaan daar ook twee o/20 spanne gekies word, sodat belowende eerstejaars wat nie gekies word vir die senior spanne nie behoue kan bly. Proewe vir al die vier Pukspanne word vroeg in die jaar gehou — word dus solank fiks. Enige persoon is welkom om aan die proewe deel te neem en keurders van buite sal sorg vir absolute objektiewe keuring.**

Die Netbalklub is een van die min klubs wat sorg vir volgehoue goeie prestasie. Die feit dat die PU 1A-span nog altyd die Wes-Transvaalse Senior liga gewen het, getuig daarvan. Op SAU kampioenskappe het die Pukke in jare nie 'n laer posisie as vierde plek beklee nie en stap hulle nog elke jaar weg met die louere as die span met die beste gees! Jaarliks kom die grootste aantal Wes-Transvaalspeelsters ook uit die Pukgeledere. Die koshuisspanne dreun mekaar goed op. In sowel die Super- as die Relegasieliga moes uitspeelwedstryde gehou word om die finale wenners te epaal. Goeie prestasies kom natuurlik nie sonder oefening en afrigting nie. Vanjaar sal gepoog word om selfs nog beter afrigting as in die verlede te kry.

- **Oefentye**

Koshuisspanne oefen Maandae en Woensdae vanaf 16h30 tot 18h00 en speel ongeveer drie uit elke vyf Saterdae wedstryde. PU-spanne oefen Maandae om 18h00 tot 20h00 onder spreiligte en Woensdae vanaf 16h30 tot 18h00.

Belangrike Netbalgebeurtenisse is die koshuisnetbaltoernooi reg aan die begin van die seisoen, Intervarsities teen RAU en Kovsies, die SAU-toernooi in die Julievakansie op Stellenbosch, asook die S.A. Provinsiale toernooi gedurende dieselfde vakansie.